

# *Remgro* *Beperk*

---

## Tussenverslag Ongeouditeerde Resultate vir die ses maande geëindig **31 Desember 2025** en verklaring van kontantdividend

# Finansiële hoof trekke

---

**931**  
**SENT**  
(OP MET 38.5%)

**173**  
**SENT**  
(OP MET 80.2%)

**R297.03**  
(OP MET 1.6%)  
sedert 30 Junie 2025

**Wesensverdienste**  
per aandeel

**Tussendividend**  
per aandeel

**Intrinsieke netto batewaarde**  
per aandeel

# Inhoud

|    |                                                    |    |                                                                |
|----|----------------------------------------------------|----|----------------------------------------------------------------|
| 2  | Inleiding                                          | 16 | Segmentverslag – Samestelling van intrinsieke netto batewaarde |
| 3  | Groep finansiële oorsig                            | 17 | Groep finansiële state                                         |
| 13 | Verandering aan direksie                           | 30 | Inligting oor ongenoteerde beleggings                          |
| 14 | Verklaring van kontantdividend                     | 36 | Direksie                                                       |
| 15 | Segmentverslag – Samestelling van wesensverdienste | 36 | Maatskappy-inligting                                           |

# Inleiding

## Inleiding

Die positiewe winste in die laaste finansiële jaar ten opsigte van die uitvoering van Remgro se verklaarde strategiese doelwitte, is in die eerste helfte van hierdie finansiële jaar gehandhaaf ondanks voortgesette onstuimigheid op makro-ekonomiese gebied. Dit was duidelik in die stewige bedryfsvertonings regoor Remgro se kernportefeulje, sowel as in die vordering wat gemaak is met die optimalisering van die portefeulje deur die ontsluiting van sleutelkorporatiewe aksies.

Remgro is tevrede met die vordering wat gemaak is ten opsigte van sy strategiese doelwitte en glo dat die dissipline in die uitvoering hiervan weerspieël word in die beter prestasie van tydperk tot tydperk en in die sterk kontantvloei by die kern, wat, volgens Remgro, beide sleutelfaktore is om waarde-ontsluiting vir aandeelhouers te dryf.

Wanneer wyer gekyk word, is die tydperk onder oorsig steeds gekenmerk deur verhoogde globale makro-ekonomiese en geopolitieke onstabiliteit, met toenemende onsekerhede in die internasionale handelsbeleid-omgewing. Die plaaslike bedryfsumgewing het in vele opsigte verbeter, maar dit het nog nie tot beter ekonomiese groeivoorsigte gelei nie.

Die onlangse gebeure wat verband hou met die konflik tussen die VSA, Israel en Iran dra ook by tot 'n alreeds ingewikkelde bedryfsumgewing wat Remgro versigtig dophou. Die groep is direk blootgestel aan die streek deur sy belang in Mediclinic Holdings Beperk (Mediclinic), 'n markleier met sy gesondheidsorg-bedrywighede, wat regoor die Verenigde Arabiese Emirate bedryf word, en waar die vooruitsigte van die besigheid ten nouste aan die stabiliteit en voorspoed van die streek gekoppel is. Meer breedweg gesien, hou die konflik risiko's van stygende inflasie en verhoogde koste van kapitaal in vir globale batepryse en veral in 'n portefeulje soos Remgro s'n wat sterker neig na ontwikkelende markte. Remgro sal die situasie hanteer soos dit ontvou, maar met 'n veerkrachtige balansstaat en strategiese likiditeitsposisie, is die groep goed geplaas om sy portefeulje te ondersteun en geleenthede te benut waar dit na vore mag kom.

Die komplekse en steeds groeiende bedryfslandskap dryf Remgro om te fokus op dit wat binne die groep se beheer is, met die onmiddellike prioriteit om voort te bou op die vordering wat sover gemaak is ten opsigte van bedryfsoptimalisering regoor die portefeulje, verskerpende fokus en vereenvoudiging van die Remgro-portefeulje, asook om kapitaaltoewysingsgeleenthede te probeer vind wat volgehoue waarde vir aandeelhouers kan ontsluit.

Baie eksterne uitdagings bestaan, wat sal voortgaan om die volhoubaarheid van Remgro se resultate te toets en aanpasbaarheid en skeppende oplossings sal verg om winsgewendheid en groei te handhaaf.

Remgro gaan voort om portefeuljevertoning te optimaliseer en op groei te fokus en glo dat dit die kernaandrywers is om sy strategiese doelwit te bereik, naamlik om bykomende waarde vir aandeelhouers te ontsluit.

## Groepprofiel

Remgro, wat oorspronklik in die 1940's deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings versprei oor agt pilare. Die maatskappy is op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, in die sektor "Finansiële – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste" genoteer, met die aandelekode "REM". Die maatskappy het sedert 3 Januarie 2022 ook 'n sekondêre notering op die A2X. Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur en nywerheid sektore. Remgro se mees wesentlike beleggings (en persentasies belang daarin) is soos volg:

- Mediclinic (voorheen Manta Bidco Beperk) (Mediclinic) (50.0%);
- OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group) (30.5%);
- Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) (57.0%);
- Discovery Beperk (Discovery) (7.6%);
- Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages) (18.8%);
- RCL Foods Beperk (RCL Foods) (79.5%);
- Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) (100.0%);

# Inleiding (vervolg)

## Groepprofiel (vervolg)

- Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) (50.0%);
- FirstRand Beperk (FirstRand) (1.6%);
- TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies) (24.9%);
- Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) (43.5%); en
- Rainbow Chicken Beperk (Rainbow) (79.5%).

Hierdie beleggings dra ongeveer 87% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.

## Groepsverslagdoening

As 'n beleggingshouermaatskappy, is tradisionele prestasiemetinge, soos verkope of bruto wins, nie betekenisvolle maatstawwe om die groep se vertoning te evalueer nie. Bestuur gebruik egter “wesensverdienste”, “intrinsieke netto batewaarde” en “kontantvloei by die kern” om die groep se vertoning op 'n deurlopende grondslag te evalueer. Hierdie konsepte word deurgaans in hierdie verslag gebruik om aandeelhouers 'n beter begrip van Remgro se resultate te gee.

Met die doel om die intrinsieke netto batewaarde te bepaal, word die ongenoteerde beleggings teen *IFRS 13: Billike waardemetinge* waardasies getoon en die genoteerde beleggings teen aandelemark-sluitingspryse. Om die juistheid van Remgro se intrinsieke netto batewaardasies te verseker, ondersteun 'n waardasie-subkomitee die audit-en-risikokomitee om gerusstelling te verkry oor die waardasies van Remgro se ongenoteerde beleggings vir aanbeveling aan die Remgro-direksie. Hierdie funksie het toenemend belangrik geword namate Remgro se portefeulje na meer ongenoteerde beleggings uitgebrei het.

Korporatiewe transaksies mag daartoe lei dat wesentlike items in die inkomstestaat erken word wat nie in die berekening van wesensverdienste uitgesluit mag word nie. In sodanige gevalle, mag die groep 'n alternatiewe verdienste maatstaf openbaar wat hierdie items uitsluit ten einde vergelykbaarheid tussen rapporteringstydperke te bevorder.

In ooreenstemming met paragraaf 6.27 van die JSE se Noteringsvereistes, bevestig die maatskappy weer die gebruik van wesensverdienste per aandeel vir handelsverklaringsdoeleindes. Dit word steeds as 'n toepaslike maatstaf beskou gegewe dat, vir 'n beleggingshouermaatskappy, die evaluering van wesensverdienste 'n sleutelprestasie-maatstaf is.

# Groep finansiële oorsig

## Finansiële hooftrekke

|                                                           | Ongeouditeerd<br>31 Des<br>2025 | %<br>Verandering | Ongeouditeerd<br>31 Des<br>2024 |
|-----------------------------------------------------------|---------------------------------|------------------|---------------------------------|
| Wesensverdienste (R miljoen)                              | 5 175                           | 38.8             | 3 728                           |
| – per aandeel (sent)                                      | 931                             | 38.5             | 672                             |
| Gewone tussendividente per aandeel (sent)                 | 173                             | 80.2             | 96                              |
|                                                           | Ongeouditeerd<br>31 Des<br>2025 | %<br>Verandering | Geouditeerd<br>30 Junie<br>2025 |
| Intrinsieke netto batewaarde per aandeel (Rand)           | 297.03                          | 1.6              | 292.34                          |
| Remgro-aandeelprys (Rand)                                 | 181.61                          | 14.8             | 158.20                          |
| Persentasie diskonto tot intrinsieke netto batewaarde (%) | 38.9                            | 700 bpe          | 45.9                            |


# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Resultate in konteks

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdiensle met 38.8%, vanaf R3 728 miljoen tot R5 175 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdiensle per aandeel (WVPA) met 38.5% vanaf 672 sent tot 931 sent, toegeneem het. Die verdienstegroei-momentum wat in die 2025-finansiële jaar ondervind is, is in die eerste helfte van die 2026-finansiële jaar voortgesit en het tot die stewige groei in wesensverdiensle, gelei. Die toename in wesensverdiensle is hoofsaaklik as gevolg van:

- verhoogde bydraes van Mediclinic (+R485 miljoen), Rainbow (+R280 miljoen), CIVH (+R264 miljoen) en Heineken Beverages (+R166 miljoen) as gevolg van verbeterde bedryfsvertonings;
- 'n verhoogde bydrae van TotalEnergies (+R330 miljoen), hoofsaaklik as gevolg van 'n eenmalige Transnet-pyplynkoste terugbetaling; en
- laer finansieringskoste as gevolg van die aflossing van die voorkeuraandele gedurende die vorige jaar (+R95 miljoen);
- deels teengewerk deur 'n laer bydrae van RCL Foods (-R240 miljoen), hoofsaaklik weens 'n swakker vertoning deur die suikerbesigheidseenheid.

Meer besonderhede word onder “*Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning*” verskaf.



# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringspilare

| R miljoen                            | Ongeouditeerd<br>Ses maande geëindig |                  | Geouditeerd<br>Jaar geëindig |                  |
|--------------------------------------|--------------------------------------|------------------|------------------------------|------------------|
|                                      | 31 Des<br>2025                       | %<br>Verandering | 31 Des<br>2024               | 30 Junie<br>2025 |
| Gesondheidsorg                       | 1 368                                | 54.9             | 883                          | 2 386            |
| Verbruikersprodukte                  | 1 478                                | 13.9             | 1 298                        | 2 000            |
| Finansiële dienste                   | 756                                  | 14.4             | 661                          | 1 483            |
| Infrastruktuur                       | 126                                  | 188.7            | (142)                        | (92)             |
| Nywerheid                            | 833                                  | 69.0             | 493                          | 1 106            |
| Gediversifiseerde beleggingsvoertuie | 259                                  | 43.1             | 181                          | 362              |
| Portefeuljebeleggings <sup>1</sup>   | 352                                  | (15.6)           | 417                          | 770              |
| Maatskaplike impakbeleggings         | (20)                                 | 4.8              | (21)                         | (8)              |
| Sentrale tesourie                    |                                      |                  |                              |                  |
| – finansieringsinkomste              | 209                                  | 4.5              | 200                          | 376              |
| – finansieringskoste                 | -                                    | 100.0            | (95)                         | (95)             |
| Ander netto korporatiewe koste       | (186)                                | (26.5)           | (147)                        | (461)            |
| <b>Wesensverdienste</b>              | <b>5 175</b>                         | <b>38.8</b>      | <b>3 728</b>                 | <b>7 827</b>     |

1. Gedurende September 2025 het Remgro sy belegging in eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) aan aandeelhouders uitgekeer (verwys na “beleggingsaktiwiteite” op bladsy 11 vir meer besonderhede). Aangesien eMedia Investments die enigste wesentlike belegging in die mediapilaar was, is laasgenoemde by die portefeuljebeleggings-pilaar ingevoeg en word die vergelykende syfers ooreenkomstig aangebied.

Verwys na bladsye 15 en 16 vir die segmentinligting.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning

### Gesondheidsorg

**Mediclinic** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 368 miljoen (31 Desember 2024: R883 miljoen) bedra, wat 'n toename van 54.9% verteenwoordig. Mediclinic se gerapporteerde wesensverdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 75% tot \$140 miljoen (30 September 2024: \$80 miljoen) toegeneem. Mediclinic se resultate sluit amortisasie- en waardeverminderingskoste van \$14 miljoen (30 September 2024: \$19 miljoen) in wat verband hou met die addisionele bates wat geïdentifiseer is toe Mediclinic in Mei 2023 beheer oor Mediclinic Group Beperk (Mediclinic Group) verkry het. Remgro ekwiteer slegs 'n gedeelte van hierdie koste aangesien dit reeds 44.6% van Mediclinic Group besit het voor die transaksie. Met uitsluiting van hierdie koste, het Mediclinic se gerapporteerde wesensverdienste met 56% tot \$154 miljoen toegeneem.

Mediclinic rapporteer aangepaste verdienste, wat onbestendigheid ten opsigte van sekere buitengewone inkomste en koste verwyder uit wesensverdienste, in die beoordeling van finansiële en bedryfsprestasie, en as 'n metode om aan beleggers en ontleders aanvullende inligting te verskaf vir 'n beter begrip van die finansiële vertoning. Die tydperk onder oorsig sluit wesentlike herstruktureringkoste ten bedrae van \$14 miljoen in wat verband hou met die konsolidering van twee hospitale in die stad van Abu Dhabi. In VSA-dollarsterme het Mediclinic se gerapporteerde aangepaste verdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2025 met 91% tot \$159 miljoen (30 September 2024: \$83 miljoen) toegeneem.

Mediclinic het goeie resultate gelewer vir die ses maande geëindig 30 September 2025, teen die agtergrond van 'n onbestendige geopolitiese landskap en volgehoue uitdagende bedryfsomgewing. Mediclinic se vertoning is deur onderliggende volumegroei, veral in die Midde-Ooste, 'n gunstige spesialiteitsamestelling, die voortgesette implementering van die hersiene bedryfsmodel, met 'n prestasieverbetering deur effektiwiteit, gedryf. Omset het met 10% toegeneem tot \$2 566 miljoen (5% hoër in konstante wisselkoersterme), weens stewige groei in pasiëntbedrywighede in al drie afdelings en 'n gunstige toename in die spesialiteitsamestelling wat die gemiddelde omset per toelating verhoog het. Aangepaste EBITDA het met 23% tot \$397 miljoen toegeneem (18% hoër in konstante wisselkoersterme) en die aangepaste EBITDA-marge was 15.5% (30 September 2024: 13.8%), ondersteun deur 'n kombinasie van goeie omsetgroei en kostedoeltreffendheid. Aangepaste waardevermindering en amortisasie het met 7% tot \$148 miljoen en aangepaste netto finansieringskoste met 13% tot \$49 miljoen afgeneem wat verder die toename in aangepaste verdienste vergeleke met die toename in EBITDA, verduidelik. Die afname in aangepaste waardevermindering en amortisasie reflekteer vorige jaar waardedalings, gedeeltelik teengewerk deur volgehoue investering in fasiliteite en toerusting in al drie afdelings. Die afname in aangepaste netto finansieringskoste is hoofsaaklik as gevolg van laer rentekoerse op lenings.

### Verbruikersprodukte

**Heineken Beverages** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R155 miljoen (31 Desember 2024: 'n verlies van R11 miljoen) bedra. Heineken Beverages se bydrae sluit amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R52 miljoen (31 Desember 2024: R77 miljoen) in wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Heineken Beverages beheer oor Distell Group Holdings Beperk (Distell) en Namibia Breweries Beperk (Namibia Breweries) verkry het. Met uitsluiting van hierdie kostes het Heineken Beverages se bydrae met 213.6% tot R207 miljoen (31 Desember 2024: R66 miljoen) toegeneem. Heineken Beverages (met uitsluiting van Namibia Breweries) het 'n stewige finansiële vertoning gelewer, wat ondersteun is deur marge-uitbreiding en gedissiplineerde kostebestuur. Omset het lae enkelsyfergroei behaal, terwyl gekonsolideerde volumes grootliks onveranderd was, hoofsaaklik as gevolg van 'n swakker vertoning deur wyn en spiritualieë in Suid-Afrika. Bier se momentum was sterk, met middel enkelsyfervolumegroei, wat deur *Amstel* se marksterkte gedryf is. Die *Heineken*-handelsmerk het stewige omsetgroei getoon in uitgesoekte internasionale markte en *Windhoek* het 'n positiewe vertoning in Namibië gelewer.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning (vervolg)

### Verbruikersprodukte (vervolg)

*Bernini* bly 'n uitblinker in die sider- en gereed-om-te-drink (RTD)-kategorie, met dubbelsyfergroeï en 'n verdere versterking van sy posisie. *Savanna*-volumes was marginaal hoër in die ses maande en die loodsing van die 50cl-blikkie het belowende vroeë resultate gelewer. Die *Mainstay*-mengeldrankiereeks is ook geloods ten einde Heineken Beverages se aanbod by verskillende verbruikerspunte uit brei. Wynvolumes het afgeneem, veral in die waardesegment van die portefeulje.

**RCL Foods** se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle het R543 miljoen (31 Desember 2024: R783 miljoen) bedra, wat 'n afname van 30.7% verteenwoordig. RCL Foods openbaar onderliggende wesensverdiensle wat die volgende items uitsluit ten einde aan gebruikers van RCL Foods se resultate toepaslike inligting en maatstawwe wat deur die maatskappy self gebruik word, te verskaf om prestasie te meet:

- die *IFRS 9*-billike waarde aanpassings op kommoditeitskontrakte wat aangegaan is as deel van die grondstofverkrygingstrategie; en
- die gedeeltelike verhaling van die spesiale suikerheffing wat deur die Suid-Afrikaanse Suikervereniging (SASA) in die 2023-finansiële jaar gehef is.

RCL Foods het 'n afname in onderliggende wesensverdiensle van 21.9% gerapporteer, grootliks te danke aan die suikerbesigheidseenheid. Suiker kry steeds die wind van voor in wisselvallige omstandighede, hoofsaaklik weens onvoldoende tariefbeskerming, dalende wêreldmarkpryse en die verstewiging van die rand, wat tot 'n aansienlike toename in diepsee-invoere gelei en resultate beïnvloed het. Volumes in die plaaslike mark is vervang deur hoër volumes diepsee-ingevoerde suiker en dit het tot gevolg gehad dat 'n groter gedeelte van die plaaslike suikervoorraad in uitvoermarkte, wat laer geprys is, verkoop moes word. Daarby het plaaslike markpryse onveranderd gebly en moes insetkostestygings geabsorbeer word, wat aansienlike druk op marges geplaas het. Kruideniersware het 'n goeie onderliggende resultaat gelewer vanweë verbeterde marges in die "Culinary"-besigheidseenheid, hoër troeteldiervoedsel-volumes en 'n gunstige produkmengsel in die drankafdeling. Die bakafdeling se onderliggende vertoning was in ooreenstemming met die vergelykende tydperk te midde van 'n uitdagende handelsomgewing, met afnames in volumes by brood, bolletjies, rolletjies en die meulkategorie, wat teengewerk is deur goeie vertonings deur pasteie en spesialiteite.

**Siqalo Foods** se bydrae tot wesensverdiensle het R237 miljoen (31 Desember 2024: R254 miljoen) bedra, wat 'n afname van 6.7% verteenwoordig. Die handelsomgewing bly uitdagend, met ekonomiese groei wat gedemp bly en verbruikers wat steeds finansiële druk ervaar. Hoewel buitelandse valutakoerse gunstig was, is die voordele hiervan deels deur stygende kommoditeitspryse teengewerk. Winsgrense het bestendig gebly danksy 'n prysverhoging wat in Maart 2025 geïmplementeer is. Deur te fokus op 'n spaaragenda, kon die besigheid inflasiekoste tot 'n mate teenwerk en beleggings in handelsmerkbemarking verhoog. Besigheidsvolumes bly gedemp, en het met 2.7% afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van markvolumes van die smerekategorie wat met 2.1% oor die laaste 12 maande afgeneem het. BedryfsEBITDA is in ooreenstemming met die vergelykende tydperk. BedryfsEBITDA sluit *IFRS 9*-billike waarde aanpassings uit op kommoditeits- en buitelandse valutakontrakte wat aangegaan word as deel van die grondstofverkrygingstrategie.

**Rainbow** se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle het R535 miljoen (31 Desember 2024: R255 miljoen) bedra, wat 'n toename van 109.8% verteenwoordig. Rainbow se gerapporteerde omset vir die tydperk onder oorsig het met 11.3% toegeneem en is positief geraak deur sterker aanvraag, beter kanaal- en produkmengsels, asook prysvasstelling. Die voortgesette implementering van Rainbow se groeistrategie, ondersteun deur 'n sterk vraag na hoender, dalende grondstof-insetpryse en 'n verstewiging van die rand, het bygedra tot 'n versnelling in winsgewendheid in die eerste helfte van die 2026-finansiële jaar. Dit het gelei tot 'n verbetering van 460 basispunte in die EBITDA-marge tot 12.0% (31 Desember 2024: 7.4%).

**Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin)** se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle het met 52.9% tot R8 miljoen (31 Desember 2024: R17 miljoen) afgeneem. Die algehele Skotse whiskysektor het steeds baie uitdagende handelstoestande ervaar, met 'n beduidende afname in verskeping na wêreldmarkte. Matigheidstendense en

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning (vervolg)

### Verbruikersprodukte (vervolg)

voortgesette geopolitiese en makro-ekonomiese onsekerheid, saam met voortgesette hoë inflasie en rentekoerse, het volgehoue druk op verbruikers geplaas en voortgesette kostedruk en 'n afname in besteebare inkomste lei tot 'n swakker aanvraag, ook tot 'n afwaartse aanpassing in produkkeuse. Hierdie faktore het voorraadvlakke tot historiese hoogtepunte gedryf ondanks die industrie se volgehoue pogings sedert die pandemie om voorraadvlakke te verlaag. Benewens die algehele afname in die Skotse whiskykatégorie, het Capevin daarin geslaag om netto omset van sy enkelmout-handelsmerkportefeulje, met *Bunnahabhain* aan die spits, met 4% te verhoog. Die vermengde Skotse katégorie het met 'n lae tiene persent afgeneem, weens 'n afname in die vraag na hierdie produkte in Taiwan en Suid-Afrika. *Scottish Leader* in Taiwan het egter sy posisie as die naasgrootste vermengde Skotse handelsmerk in die land behou en kon markaandeel verhoog in 'n dalende mark. Markaandeel is ook in die Verenigde Koninkryk, Capevin se naasgrootste mark, verhoog.

### Finansiële dienste

**OUTsurance Group** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R713 miljoen (31 Desember 2024: R624 miljoen) bedra wat 'n toename van 14.3% verteenwoordig. Op 'n genormaliseerde grondslag, wat nie-operasionele items en rekeningkundige afwykings uitsluit, het OUTsurance Group 'n toename van 7.7% in verdienste gerapporteer. Hierdie toename was hoofsaaklik te danke aan 'n groter bydrae deur OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance), die belangrikste bate in OUTsurance Group, gedeeltelik teengewerk deur 'n laer bydrae van Polar Star.

OUTsurance se genormaliseerde verdienste het met 12.6% toegeneem. Die finansiële vertoning in die tydperk onder oorsig is gekenmerk deur 'n stewige vertoning in Suid-Afrika en onstuimige weersomstandighede in Australië wat 'n andersins sterk organiese groeivertoning verberg het. Bruto geskrewe premies het met 17.4% gegroei. OUTsurance SA en Youi het bevredigende organiese groei gelewer, terwyl premie-inflasie voortgegaan het om te normaliseer vanaf die vorige jaar se hoogtepunte. Youi se verklaarde premiegroeikoers is negatief geraak deur die verstewiging van die rand teenoor die Australiese dollar. Op 'n jaargrondslag het nuwe besigheid met 24.2% toegeneem. Die eiseverhouding het van 53.0% tot 58.6% toegeneem, hoofsaaklik weens die groot toename in behoue natuurrampeise, wat 12.4% van die netto premies uitgemaak het teenoor 6.5% in die vergelykende tydperk. Die genormaliseerde koste-tot-inkomste-verhouding het van 32.7% tot 27.5% verbeter danksy die groot strukturele vermindering in aandeelgebaseerde uitbetalings en algehele kostedoeltreffendhede regoor die groep. OUTsurance Life het 'n bevredigende bedryfsvertoning gelewer, gekenmerk deur goeie groei in nuwe besighede en groter kostedoeltreffendheid, wat teengewerk is deur die impak van 'n buitengewone afname in die Suid-Afrikaanse opbrengskurwe na aanleiding van positiewe makro-ekonomiese ontwikkelinge in Suid-Afrika.

**Business Partners** Beperk (Business Partners) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 16.2% tot R43 miljoen (31 Desember 2024: R37 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoër netto eiendomsinkomste en 'n laer krediet verliesvoorsiening, gedeeltelik teengewerk deur laer netto rente-inkomste as gevolg van laer rentekoerse.

### Infrastruktuur

**CIVH** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R123 miljoen (31 Desember 2024: 'n verlies van R141 miljoen) bedra. Die toename in verdienste is hoofsaaklik as gevolg van 'n beter bedryfsvertoning regoor die CIVH-groep se kernveselplatforms vir sy ses maande geëindig 30 September 2025, met beide Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) en Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) wat sterk omsetgroei getoon het namate aanvraag in die onderneming- en huishoudelike mark toegeneem het. Die vergelykende tydperk het 'n negatiewe billike waarde aanpassing op 'n rentekoersverskansing van R98 miljoen (Remgro se gedeelte was R56 miljoen) ingesluit. CIVH se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 11.1% toegeneem, terwyl EBITDA van voortgesette bedrywighede met 10.9% toegeneem het. DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 3.6% toegeneem, gesteun deur volgehoue vraag in die vesel-tot-besigheid (FTTB)- en vesel-tot-toring (FTTT)-segmente,

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning (vervolg)

### Infrastruktuur (vervolg)

terwyl Vumatel se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 met 15.4% toegeneem het, hoofsaaklik danksy groei in intekenare, 'n toename in die gemiddelde inkomste per eenheid (ARPU) en 'n geleidelike hervatting van die uitbreiding van sy veselinfrastruktuur.

**SEACOM** Capital Beperk (SEACOM) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R16 miljoen (31 Desember 2024: R2 miljoen) bedra. Die toename in verdienste hou hoofsaaklik verband met die hoër "onvervreembare reg van gebruik"(IRU)-reklame en hoër verhuringsinkomste in die digitale infrastruktuurbesigheid asook eenmalige kabelherstelkoste in die vergelykende tydperk.

### Nywerheid

**Air Products** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 11.4% tot R380 miljoen (31 Desember 2024: R341 miljoen) toegeneem. Air Products se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 9.1% toegeneem, terwyl bedryfswins vir dieselfde tydperk met 11.6% toegeneem het. Die tonnemaatbesigheid het matige groei getoon ten spyte van nuwe besigheidsgroei wat teruggehou word weens die afwesigheid van groot ontwikkelings in die plaaslike teikenmark. Die negatiewe impak van laer aanvraag in die laaste gedeelte van die tydperk onder oorsig is deur eenmalige verkope teengewerk. Die pyplynbesigheid het gebaat by 'n gunstige aanvraag deur groot klante. Die verskaffingsketting-besigheidseenheid het bestendige groei getoon, hoewel die onverkrygbaarheid van sommige produkte 'n negatiewe impak op winsgewendheid gehad het. Die verpakte gasbesigheid, wat 'n verskeidenheid gasse en verwante produkte aan 'n wye reeks klante in talle nywerhede verskaf, het tydperk-tot-tydperk volumegroei in alle kategorieë behaal. Die besigheidseenheid het beter marges getoon danksy 'n kombinasie van effektiewe handelsbestuur en voortgesette kostedissipline.

**TotalEnergies** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R311 miljoen (31 Desember 2024: 'n verlies van R19 miljoen) bedra. Die toename in TotalEnergies se bydrae was hoofsaaklik te danke aan 'n eenmalige terugbetaling van Transnet-pyplynkoste (Remgro se gedeelte na belasting het R218 miljoen bedra) en 'n goeie bemarkingsvertoning, wat deels teengewerk is deur laer verkope weens raffineringsverskaffingsprobleme.

**Wispeco** Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was onveranderd op R142 miljoen (31 Desember 2024: R142 miljoen). Wispeco se bruto winsmarges het in die tydperk onder oorsig onder druk gekom, hoofsaaklik weens 'n hoogs mededingende handelsomgewing. Omset vir die tydperk het met 8.6% tot R2 205 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van stygende grondstofkoste wat in ooreenstemming met globale kommoditeitsiklusse beweeg en aanleiding tot verhoogde verkooppriese van aluminium gegee het.

### Gediversifiseerde beleggingsvoertuie

**KTH** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R231 miljoen (31 Desember 2024: R166 miljoen) bedra. Die toename in KTH se verdienste was hoofsaaklik te danke aan 'n hoër bydrae van sy belegging in Momentum Group Beperk (Momentum), asook 'n toename in netto finansieringsinkomste as gevolg van 'n vermindering in skuld. Gedurende die 2025-finansiële jaar het KTH sy rekeningkundige hantering van sy belegging in Momentum verander vanaf 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging gehou teen billike waarde deur wins en verlies. Vir die tydperk onder oorsig, het KTH dividendinkomste van R77 miljoen vanaf Momentum en billike waarde aanpassings op sy belegging in Momentum van R260 miljoen verantwoord, teenoor geëkwiteerde inkomste van R247 miljoen in die vergelykende tydperk.

### Portefeuljebeleggings

Die bydrae van portefeuljebeleggings tot wesensverdienste, wat die voorheen gerapporteerde media pilaar ingesluit het, het R352 miljoen (31 Desember 2024: R417 miljoen) bedra. Dividende ontvang van **FirstRand** en **Discovery** het onderskeidelik R226 miljoen (31 Desember 2024: R237 miljoen) en R103 miljoen (31 Desember 2024: R78 miljoen) bedra. Die afname in dividende vanaf FirstRand was die gevolg van 'n gedeeltelike verkoop van FirstRand-aandele in die 2025-finansiële jaar.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Kommentaar op onderliggende beleggings se vertoning (vervolg)

### Portefeuljebeleggings (vervolg)

**eMedia Investments** se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R Nul (31 Desember 2024: R48 miljoen) bedra. eMedia Investments is geëkwiteer tot 24 Maart 2025, die datum waarop die Remgro direksie besluit het om die belegging aan Remgro-aandeelhouders uit te keer.

Die bydrae van **ander portefeuljebeleggings** tot wesensverdienste het R23 miljoen (31 Desember 2024: R54 miljoen) bedra. Die vergelykende tydperk het dividende van R34 miljoen vanaf British American Tobacco plc (BAT) ingesluit. Geen dividend is vanaf BAT ontvang in die tydperk onder oorsig nie, aangesien Remgro sy belang in BAT gedurende September 2025 verkoop het.

### Maatskaplike impakbeleggings

Maatskaplike impakbeleggings bestaan hoofsaaklik uit belange in die **Blue Bulls**-rugbyfranchise, die Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk (**SAS**) en Stellenbosch Football Club Eiendoms Beperk (**SFC**).

### Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe inkomste/(koste)

Finansieringsinkomste het R209 miljoen (31 Desember 2024: R200 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik weens 'n hoër gemiddelde kontantbalans, deels teengewerk deur laer gemiddelde rentekoerse. Remgro het die oorblywende voorkeuraandekuld in die vorige finansiële jaar afgelos sodat finansieringskoste op 31 Desember 2025 R Nul (31 Desember 2024: R95 miljoen) bedra het. Ander netto korporatiewe koste het R186 miljoen (31 Desember 2024: R147 miljoen) bedra.

## Verdienste

Totale verdienste het R5 168 miljoen (31 Desember 2024: R3 658 miljoen) bedra. Hierdie toename in verdienste is hoofsaaklik weens die toename in wesensverdienste (R1 447 miljoen), soos hierbo bespreek.

## Kontantbronne by die kern

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Desember 2025 was soos volg:

| R miljoen                                      | Ongeouditeerd<br>31 Desember 2025 |              |               | Geouditeerd<br>30 Junie<br>2025 |
|------------------------------------------------|-----------------------------------|--------------|---------------|---------------------------------|
|                                                | Plaaslik                          | Buiteland    | Totaal        |                                 |
| Per gekonsolideerde staat van finansiële stand | 6 800                             | 3 480        | 10 280        | 8 855                           |
| Belegging in geldmarkfondse                    | 5 300                             | -            | 5 300         | 3 376                           |
| Min: Kontant van bedryfsfiliale                | (3 376)                           | (176)        | (3 552)       | (3 869)                         |
| <b>Kontant by die kern</b>                     | <b>8 724</b>                      | <b>3 304</b> | <b>12 028</b> | 8 362                           |

Remgro se kontant by die kern het R12 028 miljoen (30 Junie 2025: R8 362 miljoen) bedra, wat 'n netto toename van R3 666 miljoen vir die tydperk onder oorsig, verteenwoordig. Op 31 Desember 2025 was ongeveer 44% (R5 250 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

In ooreenstemming met die groeimomentum in wesensverdienste in die 2025-finansiële jaar, het Remgro sterk kontantvloei-generering by die kern vir die tydperk onder oorsig ondervind, hoofsaaklik te danke aan 'n toename van 34% in volhoubare dividende ontvang vanaf onderliggende beleggings ten bedrae van R2 428 miljoen (ses maande tot 31 Desember 2024: R1 816 miljoen). Hierdie bedrag sluit onder andere die CIVH voorimplementeringsdividend van R2 661 miljoen uit, wat ontvang was met die finalisering van die CIVH/Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom)-transaksie gedurende Desember 2025.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Intrinsieke netto batewaarde (INBW)

Remgro se INBW per aandeel het met 1.6% (3.4% as aangepas vir uitkerings gedurende die tydperk onder oorsig) vanaf R292.34 op 30 Junie 2025 tot R297.03 op 31 Desember 2025, toegeneem. Remgro het 'n finale dividend van 248 sent per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 betaal, 'n spesiale dividend van 200 sent per aandeel en sy belegging in eMedia Holdings Beperk (EMH) ontbondel. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2025 was R181.61 (30 Junie 2025: R158.20), wat 'n toename van 14.8% vir die tydperk onder oorsig verteenwoordig. Verwys na bladsy 16 vir volle besonderhede.

## Beleggingsaktiwiteite

Die wesentlike beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

### Mediclinic



Op 1 Desember 2025 het Remgro aangekondig dat in beginsel 'n nie-bindende ooreenkoms met MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC) bereik is ten opsigte van 'n voorgestelde herstrukturering van hul onderskeie belange in Mediclinic. Ingevolge die ooreenkoms sal Remgro 100% van Mediclinic se Suider-Afrikaanse bedrywighede bekom, terwyl MSC 100% van Mediclinic se Switserse bedrywighede (Hirslanden) sal verkry. Remgro en MSC sal dan voortgaan om hul onderskeie gesamentlike belange in die Midde-Oosterse en Spire Healthcare Group plc-besighede te hou.

Die in beginsel nie-bindende ooreenkoms voorsien 'n 1:1-ekwiteitswaarderuiling van Mediclinic Southern Africa en Hirslanden onderhewig, onder andere, aan die afhandeling van die transaksiestappe en kwantifisering van enige oordragskoste. Die 1:1-ruilverhouding en wisselkoerse wat gebruik is om die ruilverhouding te bepaal is naastenby gelyk aan die relatiewe waardes ingesluit in Remgro se INBW, soos op 30 Junie 2025. Die geïmpliseerde ondernemingswaarde met verwysing na die EV/EBITDA-veelvoud, soos bepaal in plaaslike valuta gegrond op Mediclinic se laaste twaalfmaande-resultate tot 30 September 2025, is 6.3x vir Mediclinic Southern Africa en 9.4x vir Hirslanden.

Die voorgestelde transaksie is onderhewig aan voortgesette skakeling tussen Remgro en MSC, asook die finalisering van onderhandelings en die afhandeling van definitiewe bindende transaksieooreenkomste, sowel as die nakoming of afstanddoening van ander opskortende voorwaardes, waaronder toepaslike derdepartytoestemming, regulerende goedkeuring, asook goedkeuring deur die direksies van Remgro en MSC.

### CIVH



Soos voorheen gerapporteer, het Vodacom en CIVH transaksie-ooreenkomste aangegaan, waar Vodacom, deur 'n kombinasie van bates van R4.9 miljard en kontant van R6.1 miljard, 30% van die gewone aandele van Maziv Eiendoms Beperk (Maziv) sou bekom, met die verdere opsie om aanvullende aandele tot 34.95% van Maziv indirek van Remgro (deur CIVH) te bekom.

Op 26 November 2025, het Remgro aangekondig dat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (ICASA) die transaksie goedgekeur het (insluitende die uitreiking van 'n I-ECNS-lisensie) en dat alle ander opskortende voorwaardes nagekom is. Die transaksie is op 1 Desember 2025 geïmplementeer. Vodacom het nog nie die aanvullende opsie uitgeoefen om 'n bykomende 4.95% van Maziv (indirek van Remgro) te bekom nie en Remgro se belang in CIVH bly onveranderd op 57.0%. Die aanvullende opsie is tot 31 Maart 2027 uitgestel.

As gevolg van die transaksie, en met die toetrede van Vodacom as aandeelhouer in Maziv, het Remgro se indirekte belang (deur CIVH) in DFA en Vumatel verwater. Remgro het egter 'n indirekte belang verkry in die bates wat Vodacom bygedra het. Die transaksieooreenkomste het ook voorsiening gemaak vir 'n voorimplementeringsdividend aan CIVH-aandeelhouders en in ooreenstemming daarmee het Remgro 'n dividend ten bedrae van R2 661 miljoen in Desember 2025 van CIVH ontvang.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Beleggingsaktiwiteite (vervolg)

### eMedia Investments



Gedurende September 2025, het Remgro 'n reeks transaksies, waarvoor ooreengekom is tussen EMH, eMedia Investments en Remgro, aangegaan. Hierdie transaksies behels die volgende:

- Remgro skryf in op 18 310 630 EMH N-aandele teen 'n inskrywingsprys van R3.25 per EMH N-aandeel vir 'n totale aankoopbedrag van R60 miljoen.
- Remgro doen afstand van sy belegging in eMedia Investments (van 17 730 595 eMedia Investments-aandele, of 'n 32.31%-belang in eMedia Investments) aan EMH in ruil vir 220 162 315 EMH N-aandele.
- Remgro ontbondel sy nuutverkrygte belegging in EMH as 'n dividend *in specie* aan sy aandeelhouers op 29 September 2025 in 'n verhouding van 41.96 EMH N-aandele vir elke 100 Remgro-aandele gehou.

### BAT



Gedurende September 2025 het Remgro sy hele belang in BAT (naamlik 1 252 712 BAT-aandele) verkoop vir 'n totale bedrag van R1 211 miljoen (of R966.51 per aandeel).

### Pembani Remgro Infrastruktuurfondse



Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n bykomende R3 miljoen in die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds I (PRIF I) belê en uitkerings van R58 miljoen ontvang. Dit het die kumulatiewe belegging tot R674 miljoen en kumulatiewe uitkerings tot R953 miljoen verhoog. Remgro het ook 'n bykomende belegging van \$2 miljoen in die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds II (PRIF II) gemaak en sodoende die kumulatiewe belegging in hierdie fonds tot \$15 miljoen verhoog. Op 31 Desember 2025 het die billike waardes van Remgro se beleggings in PRIF I en PRIF II onderskeidelik R293 miljoen en \$11 miljoen bedra en die oorblywende verpligtinge ten opsigte van die fondse het R5 miljoen en \$65 miljoen, onderskeidelik, bedra.

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 'n bykomende \$2 miljoen PRIF II belê.

### Asia Partners Fondse



Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n bykomende \$2 miljoen in Asia Partners II LP (Asia Partners II) belê en sodoende sy kumulatiewe belegging in hierdie fonds tot \$21 miljoen verhoog. Op 31 Desember 2025 het die billike waarde van Remgro se beleggings in Asia Partners I en Asia Partners II onderskeidelik \$19 miljoen en \$20 miljoen bedra, terwyl die oorblywende verpligtinge ten opsigte van die fondse \$3 miljoen en \$27 miljoen, onderskeidelik, bedra.

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 'n bykomende \$4 miljoen in Asia Partners II belê.

### Ander

Ander kleiner beleggings het R58 miljoen bedra.

### Gebeure na 31 Desember 2025

#### FirstRand



FirstRand

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 51 966 739 FirstRand-aandele op die ope mark verkoop vir 'n totale bedrag van R4 876 miljoen (of R93.83 per aandeel). As gevolg van hierdie verkope het Remgro se belang in FirstRand tot 0.7% op (31 Desember 2025: 1.6%) afgeneem.

Buiten bogenoemde gebeurtenisse was daar geen ander beduidende gebeure sedert 31 Desember 2025 nie.

# Groep finansiële oorsig (vervolg)

## Tesourie-aandele

Op 30 Junie 2025 is 12 409 667 Remgro gewone aandele (2.3%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Van die 12 409 667 aandele is 5 825 991 aandele gehou ten einde Remgro se aandele-skemas (Remgro skema-aandele) te verskans, terwyl 6 583 676 aandele gehou is ingevolge 'n algemene aandele-terugkoopprogram (Remgro-terugkoop-aandele).

Gedurende die tydperk onder oorsig is 231 548 Remgro skema-aandele aangewend ten einde Remgro se verpligting teenoor skemadeelnemers te vereffen.

Op 31 Desember 2025 is 12 178 119 Remgro gewone aandele (2.3%), waarvan 5 594 443 Remgro skema-aandele en 6 583 676 Remgro-terugkoop-aandele, as tesourie-aandele gehou.

## Verandering aan direksie

Ons verwelkom graag me K C Ramon as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Remgro, met ingang van 27 November 2025. Me Ramon is 'n geoktrooieerde rekenmeester met uitgebreide direksie-ervaring en internasionale korporatiewe finansiële kundigheid wat oor verskeie nywerhede strek. Haar diverse nie-uitvoerende aanstellings het haar in staat gestel om stewige verhoudinge met sleutelbelanghebbendes te ontwikkel, waaronder sakeleiers, beleggers, regeringsinstansies, reguleerders en vennote in gesamentlike ondernemings regoor Afrika en in die buiteland.

# Verklaring van kontantdividend

## Verklaring van dividend Nr. 51

Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 173 sent (31 Desember 2024: 96 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandeel sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandeel sonder pariwaarde, vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025.

Die direksie is tevrede dat die maatskappy solvent en likied is, wat bevestig dat die maatskappy oor voldoende kapitaal en reserwes beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms te ondersteun nadat die tussendividend betaal is.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 34.60 sent per aandeel sal op hierdie dividend van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 138.40 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelasting-ooreenkoms.

Die uitgereikte aandeelkapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandeel en 39 056 987 B-gewone aandeel. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.


### Belangrike datums:

|                                                                       |                         |
|-----------------------------------------------------------------------|-------------------------|
| Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer | Dinsdag, 21 April 2026  |
| Aandeel verhandel ex dividend                                         | Woensdag, 22 April 2026 |
| Rekorddatum                                                           | Vrydag, 24 April 2026   |
| Betaaldatum                                                           | Dinsdag, 28 April 2026  |

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 22 April 2026, en Vrydag, 24 April 2026, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekening van aandeelhouers. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert  
Voorsitter



Jannie Durand  
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch

Goedgekeur deur die raad: 24 Maart 2026

SENS vrystellingsdatum: 25 Maart 2026

# Segmentverslag – Samestelling van wesensverdienste

| R miljoen                                   | Ongeouditeerd                         |                  | Ses maande<br>geëindig<br>31 Des 2024 |
|---------------------------------------------|---------------------------------------|------------------|---------------------------------------|
|                                             | Ses maande<br>geëindig<br>31 Des 2025 | %<br>Verandering |                                       |
| <b>Gesondheidsorg</b>                       |                                       |                  |                                       |
| Mediclinic                                  | 1 368                                 | 54.9             | 883                                   |
| <b>Verbruikersprodukte</b>                  |                                       |                  |                                       |
| Heineken Beverages                          | 155                                   | 1 509.1          | (11)                                  |
| RCL Foods                                   | 543                                   | (30.7)           | 783                                   |
| Siqalo Foods                                | 237                                   | (6.7)            | 254                                   |
| Rainbow                                     | 535                                   | 109.8            | 255                                   |
| Capevin                                     | 8                                     | (52.9)           | 17                                    |
| <b>Finansiële dienste</b>                   |                                       |                  |                                       |
| OUTsurance Group                            | 713                                   | 14.3             | 624                                   |
| Business Partners                           | 43                                    | 16.2             | 37                                    |
| <b>Infrastruktuur</b>                       |                                       |                  |                                       |
| CIVH                                        | 123                                   | 187.2            | (141)                                 |
| SEACOM                                      | 16                                    | 700.0            | 2                                     |
| Ander infrastruktuurbeleggings              | (13)                                  | (333.3)          | (3)                                   |
| <b>Nywerheid</b>                            |                                       |                  |                                       |
| Air Products                                | 380                                   | 11.4             | 341                                   |
| TotalEnergies                               | 311                                   | 1 736.8          | (19)                                  |
| Wispeco                                     | 142                                   | -                | 142                                   |
| Ander nywerheidsbeleggings                  | -                                     | (100.0)          | 29                                    |
| <b>Gediversifiseerde beleggingsvoertuie</b> |                                       |                  |                                       |
| KTH                                         | 231                                   | 39.2             | 166                                   |
| Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie  | 28                                    | 86.7             | 15                                    |
| <b>Portefeuljebeleggings<sup>1</sup></b>    |                                       |                  |                                       |
| Discovery                                   | 103                                   | 32.1             | 78                                    |
| FirstRand                                   | 226                                   | (4.6)            | 237                                   |
| eMedia Investments                          | -                                     | (100.0)          | 48                                    |
| Ander portefeuljebeleggings                 | 23                                    | (57.4)           | 54                                    |
| <b>Maatskaplike impakbeleggings</b>         | (20)                                  | 4.8              | (21)                                  |
| <b>Sentrale tesourie</b>                    |                                       |                  |                                       |
| Finansieringsinkomste                       | 209                                   | 4.5              | 200                                   |
| Finansieringskoste                          | -                                     | 100.0            | (95)                                  |
| <b>Ander netto korporatiewe koste</b>       | (186)                                 | (26.5)           | (147)                                 |
| <b>Wesensverdienste</b>                     | <b>5 175</b>                          | <b>38.8</b>      | <b>3 728</b>                          |
| Geweegde aantal aandele (miljoen)           | 555.9                                 | 0.2              | 555.1                                 |
| <b>Wesensverdienste per aandeel (sent)</b>  | <b>931</b>                            | <b>38.5</b>      | <b>672</b>                            |

1. Gedurende September 2025 het Remgro sy belegging in eMedia Investments aan aandeelhouders uitgekeer (verwys na “beleggingsaktiwiteite” op bladsy 11 vir meer besonderhede). Aangesien eMedia Investments die enigste wesentlike belegging in die mediapilaar was, is laasgenoemde by die portefeuljebeleggings-pilaar ingevoeg en word die vergelykende syfers ooreenkomstig aangebied.

# Segmentverslag – Samestelling van intrinsieke netto batewaarde

| R miljoen                                                         | Ongeouditeerd<br>31 Desember 2025 |                                 | Geouditeerd<br>30 Junie 2025 |                                 |
|-------------------------------------------------------------------|-----------------------------------|---------------------------------|------------------------------|---------------------------------|
|                                                                   | Boekwaarde                        | Intrinsieke waarde <sup>1</sup> | Boekwaarde                   | Intrinsieke waarde <sup>1</sup> |
| <b>Gesondheidsorg</b>                                             |                                   |                                 |                              |                                 |
| Mediclinic                                                        | 38 491                            | 41 598                          | 38 094                       | 41 500                          |
| <b>Verbruikersprodukte</b>                                        |                                   |                                 |                              |                                 |
| Heineken Beverages                                                | 6 730                             | 7 546                           | 6 574                        | 6 742                           |
| RCL Foods <sup>2</sup>                                            | 8 250                             | 7 212                           | 8 007                        | 7 855                           |
| Siqalo Foods                                                      | 6 412                             | 7 003                           | 6 462                        | 6 416                           |
| Rainbow <sup>2</sup>                                              | 4 011                             | 3 570                           | 3 646                        | 2 949                           |
| Capevin <sup>2</sup>                                              | 1 565                             | 992                             | 1 640                        | 1 124                           |
| <b>Finansiële dienste</b>                                         |                                   |                                 |                              |                                 |
| OUTsurance Group                                                  | 5 938                             | 33 641                          | 6 220                        | 36 772                          |
| Business Partners <sup>2</sup>                                    | 1 531                             | 1 450                           | 1 494                        | 1 424                           |
| <b>Infrastruktuur</b>                                             |                                   |                                 |                              |                                 |
| CIVH                                                              | 4 206                             | 16 230                          | 6 783                        | 15 800                          |
| SEACOM                                                            | 149                               | 706                             | 152                          | 811                             |
| Ander infrastruktuurbeleggings                                    | 28                                | 28                              | 28                           | 28                              |
| <b>Nywerheid</b>                                                  |                                   |                                 |                              |                                 |
| Air Products                                                      | 1 528                             | 6 488                           | 1 445                        | 6 290                           |
| TotalEnergies                                                     | 2 402                             | 4 122                           | 2 468                        | 4 222                           |
| Wispeco <sup>2</sup>                                              | 2 113                             | 1 987                           | 1 972                        | 1 900                           |
| <b>Gediversifiseerde beleggingsvoertuie</b>                       |                                   |                                 |                              |                                 |
| KTH                                                               | 2 529                             | 3 326                           | 2 333                        | 3 129                           |
| Prescient China Equity Fund                                       | 1 359                             | 1 359                           | 1 187                        | 1 187                           |
| Invenfin                                                          | 600                               | 700                             | 644                          | 752                             |
| Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie                        | 1 191                             | 1 191                           | 1 356                        | 1 356                           |
| <b>Portefeuljebeleggings<sup>3</sup></b>                          |                                   |                                 |                              |                                 |
| Discovery                                                         | 9 690                             | 9 690                           | 9 150                        | 9 150                           |
| FirstRand                                                         | 6 874                             | 6 874                           | 5 733                        | 5 733                           |
| eMedia Investments                                                | -                                 | -                               | 470                          | 470                             |
| Ander portefeuljebeleggings                                       | 287                               | 346                             | 1 181                        | 1 221                           |
| <b>Maatskaplike impakbeleggings</b>                               | 171                               | 171                             | 184                          | 184                             |
| <b>Sentrale tesourie</b>                                          |                                   |                                 |                              |                                 |
| Kontant by die kern <sup>4</sup>                                  | 12 028                            | 12 028                          | 8 362                        | 8 362                           |
| <b>Ander netto korporatiewe bates</b>                             | 1 373                             | 1 987                           | 1 454                        | 2 070                           |
| <b>Intrinsieke netto batewaarde (INBW)</b>                        | <b>119 456</b>                    | <b>170 245</b>                  | <b>117 039</b>               | <b>167 447</b>                  |
| <b>Potensiële KWB-aanspreeklikheid<sup>5</sup></b>                |                                   | <b>(5 069)</b>                  |                              | <b>(4 945)</b>                  |
| <b>INBW na belasting</b>                                          | <b>119 456</b>                    | <b>165 176</b>                  | <b>117 039</b>               | <b>162 502</b>                  |
| Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele terugkoop (miljoen) | 556.1                             | 556.1                           | 555.9                        | 555.9                           |
| <b>INBW na belasting per aandeel (Rand)</b>                       | <b>214.81</b>                     | <b>297.03</b>                   | <b>210.55</b>                | <b>292.34</b>                   |
| <b>Remgro aandeelprys (Rand)</b>                                  |                                   | <b>181.61</b>                   |                              | <b>158.20</b>                   |
| <b>Persentasie diskonto tot INBW</b>                              |                                   | <b>38.9</b>                     |                              | <b>45.9</b>                     |

- Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke netto batewaarde, word ongenoteerde beleggings teen IFRS 13: Billike waarde metingswaardasies en genoteerde beleggings teen sluitingsbeurspryse aangetoon.
- Remgro het die verhaalbare bedrae vir RCL Foods, Rainbow, Capevin, Business Partners en Wispeco bepaal, wat meer is as die beleggings se drawaardes.
- Gedurende September 2025 het Remgro sy belegging in eMedia Investments aan aandeelhouders uitgekeer (verwys na "beleggingsaktiwiteite" op bladsy 11 vir meer besonderhede). Aangesien eMedia Investments die enigste wesentlike belegging in die mediapilaar was, is laasgenoemde by die portefeuljebeleggings-pilaar ingevoeg en word die vergelykende syfers ooreenkomstig aangebied.
- Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Rainbow, Siqalo Foods, Capevin en Wispeco), uit.
- Die potensiële KWB-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasie metode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Die uitgestelde KWB op beleggings is teen billike waarde deur ander omvattende inkomste ingesluit in die beleggingsmaatskappy se lynitem hierbo, byvoorbeeld Discovery en FirstRand.

# Groep finansiële state

## Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand

| R miljoen                                                                        | Ongeouditeerd    |                  | Geouditeerd   |
|----------------------------------------------------------------------------------|------------------|------------------|---------------|
|                                                                                  | 31 Desember 2025 | 31 Desember 2024 | 30 Junie 2025 |
| <b>Bates</b>                                                                     |                  |                  |               |
| <b>Nie-bedryfsbates</b>                                                          |                  |                  |               |
| Eiendom, aanleg en toerusting                                                    | 11 620           | 11 114           | 11 566        |
| Beleggingseiendomme                                                              | 500              | 496              | 504           |
| Ontasbare bates                                                                  | 9 831            | 10 627           | 9 901         |
| Beleggings – Geëkwiteer                                                          | 65 216           | 74 120           | 67 132        |
| – Finansiële bates teen billike waarde deur<br>ander omvattende inkomste (BWAOI) | 23 257           | 21 164           | 22 316        |
| Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies (BWWV)                 | 114              | 114              | 114           |
| Aftreevoordele                                                                   | 464              | 399              | 434           |
| Langtermynlenings en debiteure                                                   | 30               | 20               | 19            |
| Uitgestelde belasting                                                            | 284              | 302              | 277           |
|                                                                                  | 111 316          | 118 356          | 112 263       |
| <b>Bedryfsbates</b>                                                              | 35 399           | 29 571           | 29 911        |
| Voorraad                                                                         | 10 024           | 9 918            | 9 341         |
| Biologiese landbou bates                                                         | 1 149            | 1 132            | 1 393         |
| Debiteure en korttermynlenings                                                   | 8 567            | 8 199            | 6 387         |
| Lenings aan geëkwiteerde beleggings                                              | 4                | 6                | 4             |
| Finansiële bates teen BWWV                                                       | 20               | 32               | 22            |
| Belasting                                                                        | 54               | 23               | 60            |
| Belegging in geldmarkfondse                                                      | 5 300            | 2 862            | 3 376         |
| Kontant en kontantekwivalente                                                    | 10 280           | 7 398            | 8 855         |
|                                                                                  | 35 398           | 29 570           | 29 438        |
| Bates gehou vir verkoop of verspreiding                                          | 1                | 1                | 473           |
| <b>Totale bates</b>                                                              | 146 715          | 147 927          | 142 174       |
| <b>Ekwiteit en laste</b>                                                         |                  |                  |               |
| Verklaarde kapitaal                                                              | 13 416           | 13 416           | 13 416        |
| Reserwes                                                                         | 107 820          | 109 513          | 105 444       |
| Tesourie-aandele                                                                 | (1 780)          | (1 827)          | (1 821)       |
| <b>Aandeelhouersekquiteit</b>                                                    | 119 456          | 121 102          | 117 039       |
| Nie-beherende belang                                                             | 6 834            | 7 152            | 6 840         |
| <b>Totale ekwiteit</b>                                                           | 126 290          | 128 254          | 123 879       |
| <b>Nie-bedryfslaste</b>                                                          | 10 342           | 9 706            | 10 419        |
| Aftreevoordele                                                                   | 53               | 51               | 52            |
| Langtermynlenings                                                                | 3 849            | 3 438            | 3 772         |
| Huurverpligtinge                                                                 | 632              | 782              | 710           |
| Uitgestelde belasting                                                            | 5 723            | 5 276            | 5 599         |
| Handels- en ander krediteure                                                     | 85               | 159              | 286           |
| <b>Bedryfslaste</b>                                                              | 10 083           | 9 967            | 7 876         |
| Handels- en ander krediteure                                                     | 8 758            | 8 626            | 7 485         |
| Korttermynlenings                                                                | 464              | 317              | 126           |
| Huurverpligtinge                                                                 | 174              | 217              | 220           |
| Finansiële laste teen BWWV                                                       | 28               | 12               | 19            |
| Verskansingsinstrumente                                                          | -                | 104              | -             |
| Belasting                                                                        | 659              | 691              | 26            |
| <b>Totale ekwiteit en laste</b>                                                  | 146 715          | 147 927          | 142 174       |
| <b>Netto batewaarde per aandeel (Rand)</b>                                       |                  |                  |               |
| – Teen boekwaarde                                                                | R214.81          | R217.88          | R210.55       |
| – Teen intrinsieke waarde                                                        | R297.03          | R276.89          | R292.34       |

# Groep finansiële state (vervolg)

## Verkorte gekonsolideerde inkomstestaat

| R miljoen                                                      | Ongeouditeerd<br>Ses maande geëindig |                     | Geouditeerd<br>Jaar geëindig |
|----------------------------------------------------------------|--------------------------------------|---------------------|------------------------------|
|                                                                | 31 Desember<br>2025                  | 31 Desember<br>2024 | 30 Junie<br>2025             |
| Omset                                                          | 27 134                               | 26 395              | 51 506                       |
| Vorraaduitgawes                                                | (15 924)                             | (15 423)            | (30 872)                     |
| Personeelkoste                                                 | (4 150)                              | (3 897)             | (8 040)                      |
| Waardevermindering                                             | (679)                                | (623)               | (1 292)                      |
| Ander netto bedryfsuitgawes                                    | (4 332)                              | (4 465)             | (8 123)                      |
| Handelswins                                                    | 2 049                                | 1 987               | 3 179                        |
| Dividendinkomste                                               | 357                                  | 366                 | 648                          |
| Rente ontvang                                                  | 455                                  | 433                 | 844                          |
| Finansieringskoste                                             | (196)                                | (295)               | (503)                        |
| Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde          | -                                    | -                   | (1 544)                      |
| Terugskrywing van waardedaling van beleggings en bates         | -                                    | 9                   | 3                            |
| Verliesvoorsienings op lenings                                 | -                                    | -                   | (92)                         |
| Wins/(verlies) met verkoop en verwatering van beleggings       | 48                                   | (2)                 | (9)                          |
| Gekonsolideerde wins voor belasting                            | 2 713                                | 2 498               | 2 526                        |
| Belasting                                                      | (695)                                | (608)               | (957)                        |
| Gekonsolideerde wins na belasting                              | 2 018                                | 1 890               | 1 569                        |
| Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings          | 3 394                                | 2 032               | 1 617                        |
| <b>Netto wins vir die tydperk</b>                              | <b>5 412</b>                         | <b>3 922</b>        | <b>3 186</b>                 |
| <b>Toeskryfbaar aan:</b>                                       |                                      |                     |                              |
| Ekwiteithouers                                                 | 5 168                                | 3 658               | 3 303                        |
| Nie-beherende belang                                           | 244                                  | 264                 | (117)                        |
|                                                                | <b>5 412</b>                         | <b>3 922</b>        | <b>3 186</b>                 |
| <b>Geëkwiteerde beleggings</b>                                 |                                      |                     |                              |
| <b>Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings</b>   |                                      |                     |                              |
| Wins voor inagneming van waardedalings en nie-herhalende items | 4 962                                | 3 168               | 6 996                        |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde    | (123)                                | (150)               | (3 526)                      |
| Wins met die verkoop van beleggings                            | 14                                   | 79                  | 94                           |
| <b>Wins voor belasting en nie-beherende belang</b>             | <b>4 853</b>                         | <b>3 097</b>        | <b>3 564</b>                 |
| Belasting                                                      | (1 320)                              | (904)               | (1 714)                      |
| Nie-beherende belang                                           | (139)                                | (161)               | (233)                        |
|                                                                | <b>3 394</b>                         | <b>2 032</b>        | <b>1 617</b>                 |

# Groep finansiële state (vervolg)

## Wesensverdienste rekonsiliasie

| R miljoen                                                                                   | Ongeouditeerd<br>Ses maande geëindig |                     | Geouditeerd                       |
|---------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------|---------------------|-----------------------------------|
|                                                                                             | 31 Desember<br>2025                  | 31 Desember<br>2024 | Jaar geëindig<br>30 Junie<br>2025 |
| <b>Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteitshouers (verdienste)</b>             | <b>5 168</b>                         | 3 658               | 3 303                             |
| Waardedaling van geëkwiteerde beleggings <sup>1</sup>                                       | -                                    | -                   | 712                               |
| Terugskrywing van waardedaling van geëkwiteerde beleggings                                  | -                                    | (9)                 | (3)                               |
| Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting                                              | -                                    | -                   | 33                                |
| Waardedaling van ontasbare en ander bates <sup>2</sup>                                      | -                                    | -                   | 799                               |
| Verlies met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings                              | -                                    | 2                   | 2                                 |
| Wins met verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings                                 | (48)                                 | -                   | -                                 |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting                                          | (42)                                 | (49)                | (54)                              |
| Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting                                       | 6                                    | 1                   | 25                                |
| Verlies met verkoop van ontasbare bates                                                     | 1                                    | -                   | -                                 |
| Verlies met verkoop van filiaal                                                             | -                                    | -                   | 7                                 |
| Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings | 85                                   | 148                 | 3 572                             |
| – (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting                              | (24)                                 | 77                  | 140                               |
| – Wins met verkoop van beleggings                                                           | (14)                                 | (79)                | (94)                              |
| – Waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde <sup>3</sup>                        | 123                                  | 150                 | 3 526                             |
| Belastinguitwerking van aansuiwerings                                                       | (15)                                 | (40)                | (34)                              |
| Nie-beherende belang                                                                        | 20                                   | 17                  | (535)                             |
| Korttermyn instrumente teen BWWV         | -             | 12           | -            | 12            |
| Verskansingsinstrumente                  | -             | 104          | -            | 104           |
|                                          | -             | 116          | -            | 116           |

1. Geldmarkfondse word as vlak 2 verantwoord, alhoewel gekwoteer, word dit nie in 'n aktiewe mark gekwoteer nie en is dus in die vergelykende tydperk vanaf vlak 1 na vlak 2 hersaamgestel.

# Groep finansiële state (vervolg)

## Addisionele inligting (vervolg)

### 9. Billike waarde hermetings (vervolg)

| R miljoen                          | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|------------------------------------|--------|--------|--------|--------|
| <b>30 Junie 2025 (geouditeerd)</b> |        |        |        |        |
| <b>Bates</b>                       |        |        |        |        |
| <b>Nie-bedryfsbates</b>            |        |        |        |        |
| Finansiële bates teen BWAOI        | 20 444 | 1      | 1 871  | 22 316 |
| Finansiële bates teen BWWV         | -      | -      | 114    | 114    |
| <b>Bedryfsbates</b>                |        |        |        |        |
| Finansiële bates teen BWWV         | -      | 22     | -      | 22     |
| Belegging in geldmarkfondse        | -      | 3 376  | -      | 3 376  |
|                                    | 20 444 | 3 399  | 1 985  | 25 828 |
| <b>Laste</b>                       |        |        |        |        |
| Korttermyn instrumente teen BWWV   | -      | 19     | -      | 19     |
|                                    | -      | 19     | -      | 19     |

Die volgende tabel toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die tydperk:

| R miljoen                                                 | Finansiële bates teen BWAOI | Finansiële bates teen BWWV | Totaal       |
|-----------------------------------------------------------|-----------------------------|----------------------------|--------------|
| <b>Bates</b>                                              |                             |                            |              |
| <b>Saldo's op 1 Julie 2025</b>                            | <b>1 871</b>                | <b>114</b>                 | <b>1 985</b> |
| Toevoegings                                               | 99                          | -                          | 99           |
| Vervreemdings                                             | (32)                        | -                          | (32)         |
| Oordragte                                                 | (27)                        | -                          | (27)         |
| Wisselkoersaanpassings                                    | (49)                        | -                          | (49)         |
| Billike waarde aanpassings deur ander omvattende inkomste | (245)                       | -                          | (245)        |
| <b>Saldo's op 31 Desember 2025</b>                        | <b>1 617</b>                | <b>114</b>                 | <b>1 731</b> |

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Asia Partners Fund I LP en Asia Partners Fund II LP (Asia Partners Fondse) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R637 miljoen (30 Junie 2025: R739 miljoen) en R479 miljoen (30 Junie 2025: R505 miljoen), onderskeidelik.

Asia Partners en PRIF word waardeer gebaseer op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat deur die gebruik van verskeie waardasiemetodologieë bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit. Die Asia Partners Fondse bestaan uit kontantsaldo's en elf verskillende beleggings waarvan 73% (30 Junie 2025: 78%) gemeet word deur middel van die opsie prysmodelle. Ses van PRIF se sewe bates is waardeer deur middel van die verdiskonteerde kontantvloei metode, terwyl die oorblywende bate teen koste gemeet is.

Die belegging in Bolt Technology OÜ is waardeer teen R386 miljoen op 31 Desember 2025 (30 Junie 2025: R431 miljoen).

Remgro se ongenoteerde beleggings geklassifiseer as vlak 3 finansiële instrumente word wyd gehou. Gevolglik sal veranderinge in die waardasie-aannames wat gebruik word om bogenoemde ongenoteerde beleggings te waardeer, nie 'n wesentlike impak op Remgro se finansiële state hê nie.

Op 31 Desember 2025 benader die billike waarde van al die ander finansiële instrumente hul drawaarde.

# Groep finansiële state (vervolg)

## Addisionele inligting (vervolg)

### 10. Segmentomset

| R miljoen                                     | Ongeouditeerd<br>Ses maande geëindig |                     | Geouditeerd<br>Jaar geëindig |
|-----------------------------------------------|--------------------------------------|---------------------|------------------------------|
|                                               | 31 Desember<br>2025                  | 31 Desember<br>2024 | 30 Junie<br>2025             |
| <b>Verbruikersprodukte</b>                    |                                      |                     |                              |
| RCL Foods                                     | 13 075                               | 13 355              | 26 034                       |
| Rainbow                                       | 8 736                                | 7 880               | 15 811                       |
| Capevin                                       | 1 056                                | 1 136               | 1 923                        |
| Siqalo Foods                                  | 1 994                                | 1 931               | 3 708                        |
| <b>Nywerheid</b>                              |                                      |                     |                              |
| Wispeco                                       | 2 205                                | 2 030               | 3 909                        |
| <b>Ander</b>                                  | 68                                   | 63                  | 121                          |
| <b>Totale omset</b>                           | <b>27 134</b>                        | <b>26 395</b>       | <b>51 506</b>                |
| <b>Gedetailleerde omsetinligting</b>          |                                      |                     |                              |
| <b>RCL Foods</b>                              |                                      |                     |                              |
| RCL Foods Waarde-toegevoegde Besigheid        | 12 346                               | 12 834              | 24 921                       |
| Kruideniersware                               | 2 898                                | 2 804               | 5 410                        |
| Bak                                           | 4 652                                | 4 635               | 9 298                        |
| Suiker                                        | 4 796                                | 5 395               | 10 213                       |
| Ontvang vanaf SASA                            | 918                                  | 681                 | 1 499                        |
| Verkope tussen RCL Foods se besigheidseenhede | (109)                                | (114)               | (226)                        |
| Groep                                         | 150                                  | 157                 | 300                          |
|                                               | 13 305                               | 13 558              | 26 494                       |
| <b>Rainbow</b>                                |                                      |                     |                              |
| Hoender                                       | 7 754                                | 6 956               | 13 969                       |
| Dierevoer                                     | 3 688                                | 3 627               | 7 389                        |
| Verkope tussen Rainbow se besigheidseenhede   | (2 711)                              | (2 745)             | (5 623)                      |
| Ander                                         | 65                                   | 57                  | 103                          |
|                                               | 8 787                                | 7 895               | 15 838                       |
| <b>Capevin</b>                                |                                      |                     |                              |
| Whisky                                        | 991                                  | 1 113               | 1 776                        |
| Ander                                         | 56                                   | 23                  | 147                          |
|                                               | 1 056                                | 1 136               | 1 923                        |
| <b>Siqalo Foods</b>                           |                                      |                     |                              |
| Smere                                         | 2 000                                | 1 933               | 3 715                        |
| <b>Wispeco</b>                                |                                      |                     |                              |
| Uitpers- en verwante produkte                 | 1 879                                | 1 751               | 3 351                        |
| Ander                                         | 326                                  | 279                 | 558                          |
|                                               | 2 205                                | 2 030               | 3 909                        |
| <b>Ander</b>                                  | -                                    | 63                  | 121                          |
| Eliminasie van intersegmentomset <sup>1</sup> | (219)                                | (220)               | (494)                        |
| <b>Totale omset</b>                           | <b>27 134</b>                        | <b>26 395</b>       | <b>51 506</b>                |

1. RCL Foods verantwoord 'n administrasiefooï ontvang vanaf Siqalo Foods en Rainbow as omset. Hierdie omset is oorgedra na intergroep administrasiefooï ontvang.

# Groep finansiële state (vervolg)

## Addisionele inligting (vervolg)

### 10. Segmentomset (vervolg)

Geografiese segmentinligting: Omset van voortgesette bedrywighede, wat verband hou met Capevin en Wispeco, ten bedrae van R1 044 miljoen (31 Desember 2024: R1 155 miljoen) is afkomstig van buite Suid-Afrika.

Netto wins bestaan uit bydraes deur die volgende segmente:

| R miljoen                  | Ongeouditeerd<br>Ses maande geëindig |                     | Geouditeerd<br>Jaar geëindig |
|----------------------------|--------------------------------------|---------------------|------------------------------|
|                            | 31 Desember<br>2025                  | 31 Desember<br>2024 | 30 Junie<br>2025             |
| <b>Verbruikersprodukte</b> |                                      |                     |                              |
| RCL Foods                  | 618                                  | 1 187               | 1 651                        |
| Rainbow                    | 664                                  | 317                 | 545                          |
| Capevin                    | 57                                   | 51                  | (807)                        |
| Siqalo Foods               | 151                                  | 171                 | 305                          |
| <b>Nywerheid</b>           |                                      |                     |                              |
| Wispeco                    | 143                                  | 144                 | 287                          |
| <b>Ander segmente</b>      | <b>3 779</b>                         | <b>2 052</b>        | <b>1 205</b>                 |
| <b>Totale netto wins</b>   | <b>5 412</b>                         | <b>3 922</b>        | <b>3 186</b>                 |

### 11. Gebeure na 31 Desember 2025

#### FirstRand

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 51 966 739 FirstRand-aandele op die ope mark verkoop vir 'n totale bedrag van R4 876 miljoen (of R93.83 per aandeel). As gevolg van hierdie verkope het Remgro se belang in FirstRand tot 0.7% (31 Desember 2025: 1.6%) afgeneem.

#### Asia Partners Fondse

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 'n bykomende \$4 miljoen in Asia Partners II belê.

#### Pembani Remgro Infrastruktuurfondse

Sedert 31 Desember 2025, het Remgro 'n bykomende \$2 miljoen in PRIF II belê.

Buiten bogenoemde gebeurtenisse was daar geen ander beduidende gebeure sedert 31 Desember 2025 nie.

# Inligting oor ongenoteerde beleggings

## Mediclinic



Vir kommentaar oor Mediclinic, verwys na die opsomming van Mediclinic se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2025 op Remgro se webwerf, by [www.remgro.com](http://www.remgro.com), wat op 1 Desember 2025 op SENS vrygestel is.

## CIVH



CIVH het 'n Maart-jaareinde en dus is sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2025 ingesluit in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig. Die bydrae van CIVH se bedrywighede tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 187.2% tot R123 miljoen toegeneem (31 Desember 2024: verlies van R141 miljoen).

CIVH het wesensverdienste van R216 miljoen vir die tydperk rapporteer, wat 'n wesentlike ommekeer van die wesensverlies van R248 miljoen in die vergelykende tydperk is. Die herstel is gerugsteun deur 'n beter bedryfsvertoning regoor die CIVH groep se kernveselplatforms, met beide DFA en Vumatel wat sterk omsetgroei getoon het namate aanvraag in die onderneming- en huishoudelike mark toegeneem het. Die vergelykende tydperk het 'n negatiewe billike waarde aanpassing op 'n rentekoersverskansing van R98 miljoen ingesluit.

Die CIVH groep gaan voort om stewige kontantvloei uit sy bedrywighede te genereer en surplus kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite word in die uitbreiding van sy waardeskeppende netwerke herinvesteer. Omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 11.1% tot R3 764 miljoen (30 September 2024: R3 387 miljoen) toegeneem namate volgehoue vraag in beide die onderneming- en kleinhandelsegment tot verhoogde netwerkvraag bygedra het, terwyl EBITDA van voortgesette bedrywighede met 10.9% tot R2 461 miljoen (30 September 2024: R2 220 miljoen) toegeneem het.

Bedryfswins vir die ses maande tot September 2025 het met R481 miljoen tot R1 472 miljoen (30 September 2024: R991 miljoen) toegeneem, wat 'n weerspieëling is van laer waardeverminderingskoste en die positiewe impak van die groep se bedryfstukrag, die volgehoue netwerkinvestering by DFA en Vumatel om langtermynegroei te ondersteun, asook die beter benutting van bestaande infrastruktuur.

DFA is Suid-Afrika se voorste verskaffer wat vrye toegang tot groothandel vesel- en verbindingsinfrastruktuur bied. DFA ontwerp, bou, installeer, bestuur en onderhou 'n hoëkapasiteit veselnetwerk wat telekommunikasieverkeer in beide stedelike gebiede, asook oor langafstandroetes, hanteer. Netwerkkapasiteit word aan gebruikers verhuur insluitende, maar nie beperk tot, verskaffers van mobiele netwerke en internetdiensverskaffers (IDVs).

DFA bedryf veselbates wat oor 14 500 kilometer strek met gevestigde en bestuurde netwerke in groot stedelike gebiede, insluitend Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, asook in uitgesoekte sekondêre stede, onder andere Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 3.6% tot R1 435 miljoen (30 September 2024: R1 385 miljoen) toegeneem, gesteun deur volgehoue vraag in die vesel-tot-besigheid (FTTB)- en vesel-tot-toring (FTTT)-segmente.

Vumatel is 'n vrye toegang vesel-tot-huis (FTTH) groothandel infrastruktuurverskaffer en verhuur netwerkkapasiteit aan IDVs, wat op hul beurt breëband-internetdienste aan eindgebruikers lewer.

Vumatel is die markleier in Suid-Afrika sover dit huisverbindinge en vesel wat by huise verbygaan betref, met 'n geraamde marktaandeel van ongeveer 30.3% in vesel wat by huise verbygaan en 31.4% in huisverbindinge. Die besigheid bly 'n sleutelgroei-bate vir die groep namate dit infrastruktuur na laer lewensstandaardmeting (LSM)-gebiede uitbrei en verbindinge in die tradisionele kernnetwerk en LSM gebiede met laer reikwydte vermeerder.

Vumatel se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 15.4% tot R2 172 miljoen (30 September 2024: R1 882 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik danksy groei in intekenare, 'n toename in die gemiddelde inkomste per eenheid (ARPU) en 'n geleidelike hervatting van die uitbreiding van sy veselinfrastruktuur.

Die Maziv-groep ondersteun steeds verskeie korporatiewe maatskaplike besteding (KMB)-inisiatiewe wat ten doel het om volhoubare ekostelsels te skep in gemeenskappe waar sake gedoen word. Die doel is om betekenisvolle en

# Inligting oor ongenoteerde beleggings (vervolg)

## CIVH (vervolg)

volhoubare bydraes in hierdie gemeenskappe te lewer en sodoende bande te versterk wat die wese van die handelsmerk weerspieël en Maziv van mededingers onderskei. KMB-fokusgebiede sluit onderwys, gesondheidsorg, maatskaplike opheffing (welstand) en omgewing, in. Die besigheid bly verbind tot sy skoleprojek, waar 963 skole reeds met 'n diensaanbod van 1 Gbps verbind is.

Sedert 30 September 2025, en nadat al die vereiste regulatoriese goedkeurings ontvang is, is die Vodacom-transaksie, met ingang van 1 Desember 2025, suksesvol geïmplementeer. Dit het tot gevolg gehad dat Vodacom 'n 30%-ekwiteitsbelang in Maziv bekom het. Die transaksie het onder andere behels dat vesel- en transmissiebates, met 'n gesamentlike waarde van R4.89 miljard, deur Maziv verkry is, terwyl Vodacom ingeskryf het vir nuutuitgereikte gewone aandele ten bedrae van R6.11 miljard in Maziv.

## Heineken Beverages



Heineken Beverages het 'n Desember-jaareinde. Die bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat bestaan uit Remgro se gedeelte van Heineken Beverages se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025, het 'n wins van R155 miljoen (31 Desember 2024: 'n wesensverlies van R11 miljoen) bedra. Heineken Beverages se bydrae sluit amortisasie- en waardeverminderingskoste, asook die realisering van voorraadkoste ten bedrae van R52 miljoen in, wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Heineken Beverages op 26 April 2023 beheer oor Distell en Namibia Breweries verkry het. Met uitsluiting van hierdie kostes het Heineken Beverages se bydrae R207 miljoen (31 Desember 2024: R66 miljoen) bedra.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025, het Heineken Beverages (met uitsluiting van Namibia Breweries, wie se resultate op sy webwerf by [www.nambrew.com](http://www.nambrew.com) gevind kan word) 'n stewige finansiële vertoning gelewer, wat ondersteun is deur marge-uitbreiding en gedissiplineerde kostebestuur. Omset het lae enkelsyfergroeï behaal, terwyl gekonsolideerde volumes grootliks onveranderd was, hoofsaaklik as gevolg van 'n swakker vertoning deur wyn en spiritualieë in Suid-Afrika.

Bier se momentum was sterk, met middel enkelsyfervolume-groeï, wat deur *Amstel* se marksterkte gedryf is. Die *Heineken*-handelsmerk het stewige inkomstegroeï getoon in uitgesoekte internasionale markte en *Windhoek* het 'n positiewe vertoning in Namibië gelewer.

*Bernini* bly 'n uitblikker in die sider- en gereed-om-te-drink (RTD)-kategorie, met dubbelsyfergroeï en 'n verdere versterking van sy posisie. *Savanna*-volumes was marginaal hoër in die ses maande en die loodsing van die 50cl-blikkie het belowende vroeë resultate gelewer. Die *Mainstay*-mengeldrankiereeks is ook geloods ten einde Heineken Beverages se aanbiedinge by verskillende verbruikers-pryspunte uit brei.

Wynvolumes het afgeneem, veral in die waardesegment van die portefeulje.

Beter prysvastelling en voortgesette produktiwiteitsinisiatiewe regoor die groep toon goeie vordering. Hierdie aksies versterk Heineken Beverages se posisie as 'n stewige mededinger, met 'n mededingende multikategorieportefeulje wat goed geplaas is om toekomstige groeiegeleenthede te benut.

## Siqalo Foods



Siqalo Foods vervaardig smere wat verkoop word onder markleier-handelsmerke soos *Rama*, *Flora*, *Stork* en *Rondo* binne die Suider-Afrikaanse doeane-uniegebied. Siqalo Foods se bydrae tot Remgro se wesenverdienste in die ses maande onder oorsig het R237 miljoen (31 Desember 2024: R254 miljoen) bedra.

Die handelsomgewing bly uitdagend, met ekonomiese groei wat gedemp bly en verbruikers wat steeds finansiële druk ervaar. Hoewel buitelandse valutakoerse gunstig was gedurende die tydperk, is die voordele hiervan deels deur stygende kommoditeitspryse teengewerk. Winsgrense het bestendig gebly in die eerste helfte van die 2026-finansiële

# Inligting oor ongenoteerde beleggings (vervolg)

## Siqalo Foods (vervolg)

jaar danksy 'n prysverhoging wat in Maart 2025 geïmplementeer is. Deur te fokus op 'n spaaragenda in die eerste helfte van die finansiële jaar, kon die besigheid inflasiekose tot 'n mate teenwerk en beleggings in handelsmerkbemarking verhoog. Besigheidsvolumes bly gedemp, met 'n afname van 2.7% in volumes, maar Siqalo kon sy bedryfs-EBITDA handhaaf in ooreenstemming met die vergelykende tydperk.

Daar was 'n negatiewe impak ten opsigte van 'n IFRS 9-billike waarde aanpassing van R15 miljoen (31 Desember 2024: positief R8 miljoen) op kommoditeits- en buitelandse valutakontrakte wat aangegaan is as deel van die grondstofverkrygstrategie. IFRS 9-billike waarde aanpassings word by bedryfs-EBITDA uitgesluit.

Die smere-kategorie het onder druk gebly, met 'n afname in markvolume van 2.1% oor die laaste 12 maande teenoor die vergelykende tydperk. Siqalo Foods het sy stewige vertoning in hierdie kategorie voortgesit met 'n geringe afname van 0.6% in die 12 maande-bewegende gemiddelde waardemarkaandeel tot 66.8% op 31 Desember 2025 (31 Desember 2024: 67.4%). Eweneens het Siqalo Foods 'n afname van 0.5% in sy 12 maande-bewegende gemiddelde volumemarkaandeel tot 57.7% op 31 Desember 2025 (31 Desember 2024: 58.2%) ervaar. Die besigheid se fokus bly daarop om winsgewende volumegroei te bewerkstellig en sy handelsmerke oor die langtermyn te laat groei.

'n Bestuursdienskontrak bly in plek met RCL Foods ingevolge waarvan sekere dienste wat die RCL Foods "Shared Services"-platform op 'n armlengtebasis aan Siqalo Foods lewer, bestuur word.

## Capevin



Capevin se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025, het R8 miljoen (31 Desember 2024: R17 miljoen) bedra.

Capevin is ontbondel vanuit Distell teen die einde van April 2023 en CVH Spirits is die grootste bedryfsmaatskappy binne Capevin. Hierdie entiteit bevat die Skotse whiskybates, bestaande uit die enkelmouthandelsmerke *Bunnahabhain*, *Deanston*, *Tobermory* en *Ledaig*, asook die Skotse versnithandelsmerke *Scottish Leader* en *Black Bottle*. Benewens die Skotse whiskybates, besit Capevin ook 'n klein aantal eiendomme in Stellenbosch waarvan dit 'n huurinkomste verdien. Gedurende die ses maande tot 31 Desember 2025 is die Oude Libertas-eiendom aan die Universiteit van Stellenbosch verkoop. Die wins met die verkoop van die eiendom is nie by wesensverdienste ingesluit nie.

Die algehele Skotse whiskysektor het steeds baie uitdagende handelstoestande ervaar, met 'n beduidende afname in verskeping na wêreldmarkte. Matigheidstendense en voortgesette geopolitiese en makro-ekonomiese onsekerheid, saam met hoë inflasie en rentekoerse, het volgehoue druk op verbruikers geplaas en voortgesette kostedruk en 'n afname in besteebare inkomste lei tot 'n swakker aanvraag en 'n afwaartse aanpassing in produkkeuse. Hierdie faktore het voorraadvlakke tot historiese hoogtepunte gedryf ondanks die industrie se volgehoue pogings sedert die pandemie om voorraadvlakke te verlaag.

Benewens die algehele afname in die Skotse whiskykategorie, het Capevin daarin geslaag om netto omset van sy enkelmout-handelsmerkportefeulje, met *Bunnahabhain* aan die spits, met 4% teenoor die vergelykende tydperk te verhoog. Die vermengde Skotse kategorie het met 'n lae tiene persent afgeneem, weens 'n afname in die vraag na hierdie produkte in Taiwan en Suid-Afrika. *Scottish Leader* in Taiwan het egter sy posisie as die naasgrootste vermengde Skotse handelsmerk in die land behou en kon markaandeel verhoog in 'n dalende mark. Markaandeel is ook gedurende die tydperk in die Verenigde Koninkryk, Capevin se naasgrootste mark, verhoog.

Algehele netto omset, met uitsluiting van grootmaatverkope, het met 3% afgeneem.

# Inligting oor ongenoteerde beleggings (vervolg)

## Air Products



Air Products het 'n September-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2025 is ingesluit by dié van Remgro vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 11.4% tot R380 miljoen (31 Desember 2024: R341 miljoen) toegeneem.

Air Products se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2025 het met 9.1% tot R3 252 miljoen (30 September 2024: R2 981 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde tydperk met 11.6% tot R1 050 miljoen (30 September 2024: R941 miljoen) toegeneem het.

Air Products vervaardig en versprei 'n verskeidenheid van nywerheids- en spesialiteitsgasse wat aan 'n wye reeks nywerhede, waaronder staal, chemikalieë, olie-raffinerings, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking, asook algemene vervaardiging, fabrikasie en sweiswerke, verskaf word.

Nuwe groei in die tonnemaatbesigheid word teruggehou weens die afwesigheid van groot ontwikkelings in die plaaslike teikenmark. Desondanks het die tonnemaatbesigheid matige groei getoon. Die negatiewe impak van laer aanvraag in die laaste gedeelte van die tydperk onder oorsig is deur eenmalige verkope teengewerk. Die pyplynbesigheid het gebaat by 'n gunstige aanvraag deur groot klante. Die verskaffingsketting-besigheidseenheid het bestendige groei getoon, hoewel die onverkrygbaarheid van sommige produkte 'n negatiewe impak op winsgewendheid gehad het.

Die verpakte gasbesigheid, wat 'n verskeidenheid gasse en verwante produkte aan 'n wye reeks klante in talle nywerhede verskaf, het tydperk-tot-tydperk volumegroei in alle kategorieë behaal. Die besigheidseenheid het beter marges getoon danksy 'n kombinasie van effektiewe handelsbestuur en voortgesette kostedissipline wat tot 'n sterker tydperk-tot-tydperk-vertoning gelei het.

## TotalEnergies



TotalEnergies het 'n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025 is ingesluit by Remgro se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025. TotalEnergies se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R311 miljoen (31 Desember 2024: 'n verlies van R19 miljoen) bedra.

TotalEnergies se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025 het met 12.9% tot R38 901 miljoen (31 Desember 2024: R44 638 miljoen) afgeneem as gevolg van 'n afname in wêreld-oliepryse, wat die gemiddelde prys van basiese brandstof (BFP) beïnvloed het en die onttrekking aan bitumen en ander produkte na die verkoop van Natref (insluitende die beëindiging van uitvoerverkope aan Botswana). Vergeleke met die vergelykende tydperk, was die BFP 9% laer vir petrol en 3% laer vir diesel.

TotalEnergies se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2025 het 'n wins van R1 250 miljoen (31 Desember 2024: 'n verlies van R73 miljoen) bedra. Hierdie toename was hoofsaaklik te danke aan 'n eenmalige terugbetaling van Transnet-pyplynkoste ten bedrae van R876 miljoen na belasting en 'n goeie bemerkingsvertoning, wat deels teengewerk is deur laer verkope weens raffineringsverskaffingsprobleme.

# Inligting oor ongenoteerde beleggings (vervolg)

## KTH



KTH is 'n toonaangewende beleggingshouermaatskappy in swart besit, met 'n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje wat bestaan uit 'n mengsel van genoteerde en private beleggings in die media-, finansiële en nywerheidsdienste. KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R231 miljoen (31 Desember 2024: R166 miljoen) bedra.

Die toename in KTH se wesensverdienste vir die tydperk was hoofsaaklik as gevolg van:

- 'n Hoër bydrae van sy belegging in Momentum. Gedurende die 2025-finansiële jaar het KTH sy rekeningkundige hantering van sy belegging in Momentum verander vanaf 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging gehou teen billike waarde deur wins en verlies. Vir die tydperk onder oorsig, het KTH dividendinkomste vanaf Momentum van R77 miljoen en billike waarde aanpassings op sy belegging in Momentum van R260 miljoen verantwoord, teenoor geëkwiteerde inkomste van R247 miljoen in die vergelykende tydperk. Dividende ontvang in die vergelykende tydperk het R56 miljoen bedra.
- Hoër netto finansieringsinkomste van R54 miljoen (31 Desember 2024: R29 miljoen), te danke aan 'n vermindering in KTH se skuld en 'n positiewe opbrengs op kontantbalanse.

KTH het in November 2025 'n dividend van R79 miljoen aan aandeelhouders betaal (November 2024: R57 miljoen).

## Wispeco



Wispeco Aluminium is 'n vertikaal geïntegreerde vervaardigingsbesigheid, met 'n wye verspreidingsnetwerk regoor Suider-Afrika. Argitektoniese produkte vir die bousektor wat onder die *Crealco*-handelsmerk bemark word, is die norm in die bedryf. Die Wispeco-groep is ook 'n vervaardiger van kopergietsukke en 'n verskaffer van hoë gehalte brandsprinkelrame wat na die VSA uitgevoer word.

Wispeco se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2025 het met 8.6% tot R2 205 miljoen (31 Desember 2024: R2 030 miljoen) toegeneem, met al die afdelings wat tot die toename bygedra het. Die toename was hoofsaaklik die gevolg van grondstofkoste gekoppel aan internasionale kommoditeitssiklusse wat tot hoër verkoopprijs gelei het. Bruto winsmarges het in die tydperk onder oorsig onder druk gekom, hoofsaaklik weens 'n hoogs mededingende handelsomgewing. Wesensverdienste vir die ses maande onder oorsig was konstant met die vergelykende tydperk en het R142 miljoen (31 Desember 2024: R142 miljoen) bedra.

Ondanks 'n uitdagende handelsomgewing, gaan Wispeco voort met sy strategie om kliëntediens te prioritiseer deur te fokus op die spoed van aflewering, ondersteun deur 'n aansienlike vervaardigingsvermoë en buigsame arbeidsmag.

Wispeco se verbintenis tot beide interne en eksterne opleidingsinisiatiewe lê ten grondslag van produktiwiteitsverbeteringe, ondersteun toekomstige groei en bevorder vaardigheidsontwikkeling en insluiting in die aluminiumbedryf.

## Business Partners



Vir kommentaar oor Business Partners, verwys na Business Partners se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2025 op sy webwerf, by [www.businesspartners.co.za](http://www.businesspartners.co.za), wat in November 2025 gepubliseer is.

# Inligting oor ongenoteerde beleggings (vervolg)

## SEACOM



Remgro het 'n effektiewe ekonomiese belang van 30% in SEACOM, 'n digitale infrastruktuur en saamgevoegde diensteverskaffer regoor Suider- en Oos-Afrika. Deur sy digitale infrastruktuur besigheidseenheid besit en bedryf die maatskappy optiese veselverbindingsnetwerke, met 'n globale reikwydte, onder die see en op land, terwyl SEACOM digitale dienste, bestuurde globale verbinding-, wolk- en kubersekeriteitsoplossings bied.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2025 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R16 miljoen (31 Desember 2024: R2 miljoen) bedra. Die toename in wesensverdienste hou hoofsaaklik verband met die hoër "onvervreembare reg van gebruik" (IRU)-reklame en hoër verhuringsinkomste in die digitale infrastruktuur-besigheid. Die vergelykende tydperk se wesensverdienste is deur eenmalige kabelherstelkoste as gevolg van kables wat gebreek het, geraak.

SEACOM gaan voort om in digitale infrastruktuur te belê en terselfdertyd sy portefeulje van hoëwaarde-bestuursdienste uit te brei. Hierdie geïntegreerde benadering stel die maatskappy in staat om in die groeiende vraag na veilige dataverbindings, met hoë kapasiteit, te voorsien en sy langtermyn mededingendheid in die streeks(IKT)mark te ondersteun.

# Direksie

## Nie-uitvoerende direkteure

Johann Rupert (*Voorsitter*), S E N De Bruyn\* (*Ondervoorsitter*),  
J Malherbe, P J Moleketi\*, M Morobe\*,  
P J Neethling, G G Nieuwoudt\*, K C Ramon\*  
K S Rantloane\*, A E Rupert  
(\* *Onafhanklik*)

## Uitvoerende direkteure

J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),  
M Lubbe, N J Williams  
C P F Vosloo (*Alternatief tot J J Durand*)

# Maatskappy-inligting

## Sekretaris

L J Joubert

## Noterings

Primêre notering – JSE Beperk

*Sektor:* Finansiële – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste –  
Gediversifiseerde Finansiële Dienste

Sekondêre notering – A2X

## Sake-adres en geregistreede kantoor

Millenniapark, Stelltentiaalaan 16, Stellenbosch 7600  
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

## Oordragsekretaris

Computershare Investor Services Eiendoms Beperk  
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196  
(Privaatsak X9000, Saxonwold 2132)

## Ouditeure

Ernst & Young Geïnk.  
Kaapstad, Suid-Afrika

## Borg

Rand Aksepbank  
(’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

## Webwerf

[www.remgro.com](http://www.remgro.com)